

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyo04@gmail.com  
Dr. C. Saayman, Kaapstad  
saay@isales.co.za

**Medewerker**

Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
johannesvanderlinden@yahoo.com

Desember 2008 **Nommer 73**

## INHOUDS OPGAWE

<b>Kersfees is moontlik sonder geboorteverhaal</b>	<b>...1</b>
<b>Christus se soldate loof</b>	<b>...3</b>
<b>God kom Self na die aarde</b>	<b>...4</b>
<b>Gereformeerd en Evangelies – herkenning en afstand</b>	<b>...6</b>
<b>Saam op vakansie?</b>	<b>...9</b>
<b>Kontrole</b>	<b>...11</b>
<b>Want ek het my kind lief</b>	<b>...13</b>
<b>Die bouwerk begin</b>	<b>...13</b>

### **Kersfees is moontlik sonder 'n geboorteverhaal**

*P Nel*

*'n Mens is gewoonnd daaraan dat 'n Kerfeesboodskap sal kom uit een van die Evangelies wat 'n geboorteverhaal bevat. 'n Mens assosieer byna outomaties die krippie die ster, die herders en die wyse manne met Christus se geboortetonele. Maar al die dinge - die herders, die wyse manne, die ster, die krippie, die stal, ens. - is tonele uit Matteüs en Lukas. Jy gaan geen geboortetoneel in Markus vind nie! Die vraag is: Kan 'n mens dan nie Kersfees vier uit Markus nie?*

As dit so is, maak ons Evangelis 'n baie groot fout! Markus skryf aan mense in Rome, dié mense van sy tyd! Rome is die hoofstad van die wêreld. Hulle moet die waarheid hoor! Maar Markus weet dat hy aan Romeine skryf. Hy weet presies waar om te krap waar dit jeuk. In Rome, die Noordelike Halfrond, het die mense reeds op 25 Desember 'n fees gehad, 'n geboortefees, die geboorte van die son! Hulle het geglo die son word elke jaar weer "gebore". Op 25 Desember is die son die verste van die aarde in die Noordelike Halfronde.

Markus kies om Jesus nie aan hulle as baba uit te beeld nie. Hy wil nie 'n verkeerde Kerskaartjie rondstuur nie, 'n Baba Jesus, 'n prentjie van God, die Almagtige en Heerlike, as die "Babatjie". Alles kan met Kersfees so fraai uitgebeeld word dat mense vergeet Wie die Christus werklik is. Sy heerskappy word al meer verguis en verag. Mense kan maklik leef in 'n wêreldse feestelikheid en valse gerustheid.

*Markus begin juis anders.* Hy begin ook met die "begin" van die Evangelie (vgl 1:1), maar sy begin begin later as die ander. Markus praat ook "Kerfeestaal" maar hy doen dit sonder die geboorteverhaal. Hy vertel ons ook van die Koning wat gekom het en redding gebring het, maar dan begin hy nie met die Babatjie, Christus, nie maar met die Koning, die volwasse Man, Christus, wat oppad is as Koning.

*Kersfees beteken dat die tyd in Christus vol geword het - bekeer jou en glo sy Goeie Nuus.*

### **Die tyd het vol geword**

Ons het gesien dat Petrus doelbewus 'n ander begin kies. Hy begin met Koning Jesus Christus en nie met Baba Jesus nie. En wat is dan die Koning se eerste woorde?

Die eerste woorde van die Koning is : "Die tyd het vol geword...bekeer jou". Jesus sê dit (hier in Mark 1:15) eers na sy doop en versoeking. Hy sê dit nie vroeër in sy bediening nie, maar eers nadat daar duidelike getuïenisse optree om te wys dat Hy werklik die Christus is. Hy sê dus hier dat die tyd vol geword het, maar nie voor ander dit reeds gesê het nie. Hy is dus nie die eerste of die enigste wat verkondig dat die tyd vol geword het nie.

In Markus 1 is daar 'n koor van getuies wat almal dieselfde sê as Jesus ... Die tyd het vol geword. Behalwe Jesus is daar Johannes die Doper, die profete, God die Vader, die Heilige Gees, Markus en Petrus.

Op 25 Desember is dit Kersfees. Dan is daar baie mense wat sal saamstem dat die tyd vol geword het.

Die jaar het vol geword. Dit is die laaste maand van die jaar. Dit is die laaste maand waarin daar in 2008 fees gevier kan word. *Feestyd is vol*. Kersfees is seker die grootste fees oor die wêreld heen. *Werktyd is vol*. Ons hou vakansie en ons rus na 'n jaar van harde werk. *Prettyd is vol*. Mense sit by die Kersboom en kry geskenke. Die Matrieks is Margate toe en daar is hope pret na die eksamens. Die pret én die kanne is vol! *Welwillendheid is vol*. Mense van heinde en verre is vriendelik met mekaar oor geloofsgrense heen. Jy kry kaartjies van mense wat jy nie ken nie. *Besigheid is vol*. Mense van enige geloof is bly oor Kersfees, want dit beteken mense spandeer hope geld in hulle winkels. Jy kry dalk meer kaartjies van besighede as van familie.

*Maar Christus bedoel glad nie een van hierdie dinge nie*. Hy wys wat Hy bedoel. "Die tyd het vol geword" ... "*Die Koninkryk het naby gekom*"! Die tyd is vol, die koms van God se Koninkryk op aarde het aangebreek! Dit is geen verbygaande misbare geleentheid waarna Hy verwys nie. God self het sy Koninkryk naby aan die mens gebring! Dit is die Koninkryk van die Evangelie.

Mense kan dalk vra: Is die boodskap wat ons dan nou van Koning Jesus hoor, minder pret as van Baba Jesus; is daar by hierdie Koning nou minder tyd vir welwillendheid, minder vreugde? Nee, Evangelie beteken juis "*Goeie Nuus*". Daarom moet ons eintlik Jesus se woorde vertaal met: "bekeer julle en glo die Goeie nuus". Christus kom bederf juis nie die goeie nuus nie! Nooit sal die tyd van vrede verbygaan vir hulle wat Hom volg en sy heerskappy vier nie. Die Feestyd van 25 Desember sal baie gou verbygaan en die wêreld sal vinnig weer besig raak met sy gewone dinge en probleme. Die werkstyd sal die vakansietyd

inhaal. Die prettyd sal in huil verander. Drank verniet word maklik dronkverdriet. Die vol geldsakke word leë broeksakke. Maar Markus se Evangelie verval nie. "Hemel en aarde sal verbygaan maar My woorde sal nooit vergaan nie" (Mark 13:31).

Die Goeie Nuus is die nuus dat God die tyd van sy belofte vol gemaak het. Hy het sy Seun beloof en Hy het gekom. Hy het dit wat weggeraak het in die Paradys weer vir ons gebring, die *lewe*. Die mooi-tuin wat woestuin geword het. Hy het gekom om sonde, dood en ellende vir ewig uit die weg te neem!

*Die woestyn moet al begin plek maak vir die Koninkryk.*

- (1) Die stem van Markus 1:1-2 roep in die woestyn;
- (2) die stem van Johannes die Doper roep in die woestyn;
- (3) die doop word in die woestyn bedien; en
- (4) Christus word in die woestyn versoek deur die Satan.

So verander die toneel. Waar daar sand is en dood was, is nou lewe - die Koninkryk het naby gekom. Christus het gekom en Hy oorwin die Satan en die sonde. Hy kom en Hy gee die Gees terug aan sterwende sondaars, die Gees wat ons verlaat het oor ons sonde.

Die Heilige Gees maak ons oë oop vir die werklikheid dat die tyd inderdaad in Christus "vol geword het". Nie 'n jaar wat vol geword het nie. Nie 'n emosie of 'n begeerte nie, maar die tyd, die ewige lewe!

In Christus word die tyd werklik vol. Nog nooit het God die Skepper skepsel geword nie. Maar in Christus se koms word Skepper ook skepsel. Hy word nou volmaak verenig met sy skepping vir elkeen wat Hom glo! Dit is geen gewone koning dié nie, dit is God!

**Hy neem weg  
die sug na erkenning van mense  
en die malle gejaag na vervulling  
in dit wat nie kan vul nie.**

Die man wat in die Evangelie van Markus aan die woord is, is volgens kerklike tradisie Petrus. Vir hom het die Goeie Nuus werklikheid geword. Hy vertel die Goeie Nuus en sy medewerker, Markus, skryf die Evangelie neer. Maar Petrus (en Markus) getuig verder dat die Goeie Nuus lank reeds begin het! Die begin van die Goeie Nuus is al in die "*profete*" te vinde. So begin Petrus die Evangelie. Hy wys dat die Evangelie lank reeds geskryf staan. Dit is geen verhaaltjie wat hy uit sy

**Die hoogste opdrag van die Christelike kerk vandag  
is om haar beeld van God te reinig en te verhoog  
totdat dit weer werklik God waardig is**

- A Tozer

duim suig nie. Dit was lank reeds op Skrif gestel! *Dit was oral in die Ou Testament.* Dit was ook nie net op een of ander obskure plekkie geskryf nie. Hy gebruik daarom die meervoud "geskryf in die profete".

In die NAB is daar "geskrywe in die profeet Jesaja", maar dit is nie wat die meeste oorspronklike handskrifte sê nie en ook nie wat in die teks te sien is nie. Ons sien dat Markus na drie verskillende geskrifte in die Ou Testament wys, naamlik Exodus 23:20; Maleagi 3:1 en Jesaja 40:3. Die drie maak 'n formidabele getuie! Die eerste profeet is Moses, die skrywer van die Tora, die eerste vyf boeke van die Bybel. Jesaja is weer die eerste profeet in die bundel "Groot Profete" - Jesaja, Jeremia, Esegïel en Daniël. Maleagi is weer die heel laaste profeet van die Ou Testament, die een wat die koms van die Engel van die verbond afwag. Hulle almal getuig dat die tyd vol geword het, dat God lank reeds deur sy profete geroep het: Maak die pad reguit die Koning kom. En nou het Hy gekom! Hy self roep nou, nie meer net die Ou Testament en Johannes die Doper nie, maar Hy self roep nou: "Bekeer julle en glo hierdie Goeie Nuus!

Maar die kragtigste getuie van hulle almal is God die Vader. Hy roep Self met sy doop uit: Dit is my geliefde Seun! Hy roep: "Bekeer jou na die ewige Koning en volg Hom!". Hy gee ware volheid en vreugde. Hy neem dood en sonde weg. Hy neem weg die sug na erkenning van mense en die malle gejaag na vervulling in dit wat nie kan vul nie.

## Bekeer jou en glo die goeie nuus

Ons het gesien dat die tyd vol geword het en dat die getuies oral roep dat ons ons moet bekeer en die Koning volg. *Maar bekering is nie genoeg nie.*

Die Jode het aanvanklik gelyk of hulle verstaan. Markus sê dat die hele Joodse land na Johannes gegaan het en gedoop is met belydenis van hulle sondes. Ons kan 'n vergelyking tref tussen wat vandag met Kersfees gebeur en wat daar gebeur het. Mense het op groot skaal meegedoen aan die Christusfees. Hulle het ook sigbaar gewys hulle deel in die fees van die koms van die Koning. Dit moes 'n gesig gewees het om te sien! Almal kom van oral oor en hulle laat hulle doop in die woestyn en hulle bely hulle sondes. Pragtig!

*"En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys..."*  
(Lukas 2:13)

Bestaan Kersfees nie uit die een teenstelling na die ander nie? Was Jesus die Seun van Dawid deur die geslag van Josef? Of ook deur Maria? Is Jesus gebore in 'n stal van 'n boerdery, of op die onderste verdieping van 'n herberg, of in 'n grot? Is die prentjie van die herders idillies, of is hulle die uitgeworpenes van die samelewing? Is hulle nou eenmaal wakker in die nag, of was dit 'n simbool van God se herderskap? Jaar na jaar hoor ons teenstellings in die verskillende verklarings wat aan die Kersfeesgebeure gegee word.

## Soldate

En dit geld ook van die engele bo die velde van Efrata. "Glo-ho-ho-ho-ria" – so laat ons hulle harmonieus sing. En ons "Ere aan God" suggereer in sy melodie bo-aardse rus. Diepe vrede hang oor die heuwels rondom Betlehem. Engele is immers hemelse lofsangers.

Nee, – en nou is ons by die teenstelling – by die engel wat die boodskap gebring het, het 'n leërmag hulleself gevoeg. Hulle dra nie lang koorklere nie, maar uniforms. In hulle hand hou hulle nie 'n trompet nie, maar 'n swaard. Hulle sing nie 'n lied nie, maar roep 'n leuse. Hulle tree aan vir die stryd. Die vrede waaroor hulle spreek, daarvoor veg hulle. Engele is hemelse soldate. Albei hierdie aspekte kom hier na vore. Die teenstelling gaan nog dieper: ons sien sóldate wat lóóf.

## Die Heer met sy leërskare

Engele is hemelse voorgangers in die lof aan God. Engele het *egter ook* tydelik hemelse soldate geword vir die stryd op aarde. Hulle is geskape om die heerlijkheid van God te onderstreep. Dus moet hulle saamstry in 'n wêreld waar die eer van God aangetas word. Hulle bestaan om God se mense te dien. En dan kan hulle ook nie agterbly as God besig is om mense te bevry nie. Maar die teenstelling is nog dieper: by die Here.

Van sy troon af dwing Keiser Augustus die hele wêreld in die patroon van sy vrede. In Lukas se tyd sing die digters oor Augustus, die Heiland, die Here en sy vrede vir Rome. Augustus se mag is in sy leërs wat op die aarde stry. Rooi-helms wat die vrede forseer. Messias Jesus kom lê in 'n rommelrige voerbak. Niks hiervan is

As jy wil ontvang wat jou toekom, sal jy gestraf word.  
As jy 'n vreemdeling van genade wil wees,  
roem in jou verdienste.

- Augustine

dwingend nie. Is hierdie Jesus díe Heer? Kom sy vrede op aarde? Dit lyk glad nie so nie. Maar wat by die eerste kyk nie werklik oortuigend is nie, kry by nadere ondersoek 'n duidelike bevestiging. Jesus se mag is in sy sterwe wat vrede sal bring. Sy hemelse leërs onderstreep wat jy in geloof kan sien.

### Die Heer sonder sy leërskare

God se leërs tree aan. Maar nie om die stryd te begin nie. Swaar bewapen bars hulle uit in 'n lied. Die leër mag eers 'n koor wees. Soldate, maar hulle loof God. Want waar is hierdie mag teenwoordig? Nie op die oorlogstoneel nie. Nie rondom die krip waar die klein Kind is nie. Nie om daar die Heer 'n handjie te help nie. Nee, êrens in die landstreek, uit die omgewing van die herberg. Daar waar 'n boodskap aan die herders gebring word. Die hemelse leër kom nie om self te veg nie. Hulle kom mense oortuig dat hierdie Here sal veg. Hulle kom nie om die vrede af te dwing nie, maar om dit te besing. *Hy is u vrede!*

God se lig straal nie oor die Kind nie, maar oor die herders. God se leër drom nie saam by die Kind nie, maar by hulle. Die Heer kom lydend stry. Hy sien af van sy leërs. Eensaam en kwesbaar lê Hy Homself neer in vyandelike gebied. Eensaam en verswak sal Hy later die aanvalle van die Satan trotseer (Matt 4). Sonder engele wat Hom op die hande dra. Pas na die tyd kom hulle Hom dien. Eensaam en sonder eer soek Hy uiteindelik sy doodsvonnis en vra sy Vader nie vir die hulp van die leërskare van engele nie.

Nou dat die Here Self kom stry, rus sy hemelse leër tydelik en bestaan hulle werk nog slegs daaruit om God se werk te loof.

### Stryders van die Heer

Die Kersfees bestaan uit die felste teenstellings, wat die mooiste harmonie sal bring. Engele stimuleer ons tot 'n stryd wat alreeds gestry is. As jy dit sien, dan durf jy jouself voluit hiervoor gee. Om dit in ons wêreld te sien, vra dat ons vir 'n oomblik rus neem van die geveg. Vir 'n oomblik alle aandag vir jou Here. Vir 'n oomblik stryder wees wat tyd neem om te loof. Onder die beskerming van God se vredesmag kan jy Kersfees vier.

En die engele? Hulle is dienspligtige soldate wat vir 'n tydjie weer daardie werk doen wat hulle voor en na hulle militêre loopbaan doen: om God te loof. Net vir 'n tydjie, want as die Heer die vrede gewen het, moet die leërskare weer stryd voer. Nie om die vrede te bring nie. Maar om die vrede deur te voer en om ons by die vrede te bewaar.

## God kom Self na die aarde

*E Viljoen*

*Genesis 11:27–12:9*

God se liefde vir die wêreld is deur die hele Bybel duidelik. Hy wil nie dat iemand verlore gaan nie. Hy het die wêreld só lief dat Hy sy Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hierdie liefde vir die wêreld word sommer heel vroeg in die Bybel al gesien. Dit is niks nuuts wat skielik op die toneel verskyn met die geboorte van Jesus Christus nie. Die hele drama van God se sending na die wêreld getuig van hierdie liefde. Sy genade-koms na die wêreld laat van die begin af sy liefde sien.

### Mens se sending

Kort na die sondvloed kom die mensdom bymekaar in die land Sinear (Gen 11:2). Hulle het vir mekaar gesê dat hulle vir hul 'n stad met 'n hoë toring moet bou, sodat hulle nie oor die aarde verstrooid raak nie. Angstig om in die groot wêreld van God te gaan lewe en die aarde te vul, soek hulle hul behoud in die wêreld deur mekaar onderling te help. Hulle steun nie meer op die Here God wat hulle sý seën beloof het nie. Hulle soek nie hulle seën in die Here en sy Woord nie, maar in hulle onderlinge samewerking. In die stad wat die mense wou bou, was daar geen vertrouwe meer in die Here se sorg nie. Die Here wou dat die mense die aarde sal vul, sodat die kennis van die Here en sy heerskappy oral oor die hele wêreld sigbaar sal wees.

**Ek moet besef en ontdek en glo  
wat ek reeds het en ophou  
om in ongeloof en in  
minderwaardigheid te leef.**

Die stad, wat hulle later Babel sou noem, was 'n plek waaroor die Here sy oordeel kon laat kom het. Babel was 'n stad sonder die heerlikheid van God – sy seën en goedheid het nie oor die stad geheers nie. Met 'n hemelhoë toring probeer hulle 'n baken stel waar mense altyd weer die hulp van die mensdom kon inroep. Hulle steur hul nie aan die roeping om in geloof die aarde te vul nie. In Babel was die leuse: eendrag maak mag! Hul krag het nie meer daarin gelê dat hulle God se gestuurdes op hierdie aarde is wat onder sy sorg en Koningskap geleef het nie.

I believe there are too many accommodating preachers.  
Jesus Christ didn't say: "Go into the world  
and tell the world that it is quite right"

- CS Lewis



## God se sending

God sou niemand in daardie stad enige onreg aangedoen het as Hy uit die hemel vuur en swavel van oordeel laat reën het om hulle te vernietig nie. Niemand in daardie stad het na die Here gevlug vir hulp en sorg nie. Hy het beloop dat Hy die mens wat die aarde vul, sal seën. Die wêreld is nie 'n woesteny wat deur die krag van die mens tot orde gebring hoef te word nie. En tog stuur die Here nie die dood as loon op hulle sonde nie. Die Here kom Self na die aarde (Gen 11:5). Hy daal Self na die stad toe neer. Presies hoe die Here dit gedoen het, word ons nie vertel nie. Ons weet wel wat Hy daar kom doen het. Hy kom verwar hulle taal, sodat die mense noodgedwonge oor die wêreld versprei. In hul taalverwarring versprei hulle tog oor die wêreld. Dit is God se sending in hierdie wêreld – om die wêreld te vul met mense vol geloof in die trou en sorg van die Here. 'n Wêreld sonder mense wat in angs leef. 'n Wêreld vol mense wat in vertroue leef.

**Waar daar geen menslike houvas meer is nie, kom daar verlossing in die wêreld.**

Om dít te bereik, gaan die Here nou heel doelgerig met iemand uit die nageslag van Tera verder. Dit is Abram. Hierdie man moes doen wat die inwoners van Babel nie wou doen nie. Die roeping van Abram is ewe eenvoudig as duidelik: “Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat ek jou sal wys” (Gen 12:1). Heeltemal uit genade en sonder dat Abram enigiets hiervan verdien het, kies die Here hom om sy seën te kan ontvang. Die seën van die Here vir Abram moet ook 'n spesifieke doel dien. Hy moet tegelyk die Here se instrument wees om sy seën na alle volke en nasies te bring. Die seën wat die Here wil gee vir mense wat oor die hele wêreld versprei is, kom via Abram se uitverkiesing.

Dít is wat ons bedoel wanneer ons sê dat God se genadige uitverkiesing in diens staan van God se sending in hierdie wêreld. Uitverkiesing mag ons nooit in die donker skuilhoeke van ons harte dwing waar daar alleen maar onsekerheid is nie. God se uitverkiesing het juis ten doel om al die geslagte van die aarde te laat deel in die Here se seën. Hierdie seën is niks minder nie as 'n gesonde en mooi verhouding met die Here en ons naaste nie. 'n Verhouding waarin die Here ons lewensblydschap, versorging, veiligheid, vrede en rus in die wêreld wil gee. Dáárvoor het die Here neergedal en vir Abram 'n konkrete opdrag gegee om in geloof te gaan leef.

## Goddelike sekerheid

Wanneer die Here in sy uitverkiesende liefde so na een enkele man kom, beteken dit nie dat die mensdom oor die hele wêreld van God se radarskerm verdwyn het nie. Die Here laat die mensdom en die wêreld nie aan hulself oor om 'n ander begin te maak nie. Abram se uitverkiesing staan in diens van God se koms na die wêreld om weer Godsvertroue vir mense te gee. Uitverkiesing staan in diens van lewe uit die genadige liefde van die Here. God se manier om al die geslagte van die aarde te seën, gaan via Abram se uitverkiesing.

Abram se verkiesing is veel meer as die persoonlike verlossingsverhaal van 'n individu. Dit is nie die verhaal van hoe die Here een man van die afgode van die Chaldeërs gered het om hom in veiligheid te laat woon in die veilige Kanaän nie. Kanaän was allermens vry van afgodery. Ons lees heel pertinent dat die Kanaäniete in daardie tyd in die land was. Die verleiding van die afgode van hierdie mense sou nog in die toekoms van Abram en sy nageslag vir spanningsvolle oomblikke sorg!

Wanneer die Here vir Abram verkies om weg te gaan uit sy vaderhuis en land, breek die Here alle menslike strukture af waaraan Abram sou kon vashou om sy toekoms op die aarde te verseker. Hy moet uit sy land uittrek. Weg van sy familie af. Uit sy vader se huis. In Babel is veiligheid en verlossing op aarde gesoek deur bymekaar te bly en vir mekaar te sorg. Dít kom die Here doelbewus afbreek by Abram.

Vir Abram is daar geen menslike vashouplekke in die wêreld nie. Abram moes in geloof lewe. Hy moes lewe van die beloofde seën van die Here. Sekerheid lê vir Abram nie in dít wat binne menslike vermoë opgesluit is nie. Sekerheid lê in die seën van die Here. Houvas in die lewe is nie iets van eie bloed en familiebande nie. Al hierdie valse sekerhede word vir Abram in sy verkiesing juis weggeneem. Abram sal geseën word en hy sal 'n seën wees vir ander. Waar daar geen menslike houvas meer is nie, kom daar verlossing in die wêreld.

Hierdie Goddelike sekerheid wil die Here steeds vandag gee wanneer ons mag hoor van sy verkiesende liefde. Geen bron van twyfel en onsekerhede nie, maar juis van verlossing en lewe met God. Wanneer Abram sy sterkte en toekoms nie in sy familie soek nie, mag hy leef uit die sekerheid dat die Here hom tot 'n groot nasie sal maak. Dit is God se werk. Abram moet leef te midde van die Kanaäniete. Uitverkiesing beteken nie 'n onttrekking aan

There is not one blade of grass,  
there is no color in this world that is not intended  
to make us rejoice

- J Calvin

die wêreld nie. Maar juis terwyl Abram deur die land trek, kom die Here heel persoonlik na Abram om hom te versterk en bemoedig. Die Here kom verseker hom: “Aan jou nageslag sal ek hierdie land gee”. Toe bou hy daar ‘n altaar vir die Here wat aan hom verskyn het. Só is Abram veilig in die wêreld. Veilig by die liefdevolle God wat nie uitgesluit is van sy eie wêreld nie.

## Gereformeerde en Evangelies – herkenning en afstand

*M te Velde*

Daar word die laaste tyd baie gepraat oor evangeliese invloede. Hoe takseer ons die Evangeliese Beweging (Engels: Evangelicals)? Moet ons die evangeliese sprekers en boeke in ons huise toelaat? Of moet ons hulle op ‘n afstand hou en bestry? Moet ons as gereformeerdes in hierdie tyd nuwe verbintenisse met die evangeliese aangaan? Het ons manier van geloof ‘n evangeliese aanvulling en verryking nodig? Of moet ons onself juis skerp teen die evangeliese visie verset?

### Punte van herkenning

Ons kan dankbaar allerlei punte van herkenning opmerk in die ontmoeting tussen gereformeerdes en evangeliese. Ek noem die belangrikste en ek verduidelik hulle net kortliks.

Ons stem van harte saam oor:

- ‘n prediking waarin God se genade vir arme sondaars reg op die man af verkondig word
- ‘n sterk nadruk op die noodsaak van wedergeboorte en radikale bekering
- ‘n kragtige oproep tot ‘n persoonlike en eksistensiële geloof
- die beklemtoning van die roeping van elke Christen tot ‘n heilige lewe
- die kragtige verdediging van die betroubaarheid van God se Woord en vir die heerskappy van die Woord oor ons lewe
- verset teen Skrifkritiek en horisontalistiese teologie
- die stryd teen die loslating van Christelike norme en waardes in die samelewing
- kritiek op die volkskerk en die stryd teen gewoonten-naam-Christendom.

Dit is belangrike punte! Dit is met blydschap dat ons hier ooreenstemming tussen gereformeerde en evangelies sien. Jy proe die gesamentlike buiging voor

voor die een Heer, Jesus Christus. Jy sien die krag en invloed van God se Woord en Gees. Hy bring mense in heel verskillende tye en lande en situasies tot dieselfde geloof en belydenis. Dit is iets om baie dankbaar voor te wees!

### Punte van verskil

Ons bring, juis *terwille van die evangelie*, ook die punte van verskil onder woorde. Ons mag nie nalaat om die opvattinge wat kenmerkend van die Evangeliese Beweging is, krities teen die lig van die Skrif te beskou nie. Om misverstande te voorkom: die kritiek wat ek formuleer rig hom op die ‘*gemiddelde*’ en *gematigde* evangeliese opvattinge. Hulle is dus nie altyd in alle opsigte van toepassing op elkeen wat evangelies is nie. Daar is binne die Evangeliese Beweging ook bepaalde opvattinge waarop ek nie hier sal ingaan nie, soos die charismatiese idees en die idees oor die duisendjarige ryk en die toekoms van Israel.

In die algemeen is daar in die evangeliese denkpatroon ‘n bepaalde eensydigheid en versmalling, wat negatiewe gevolge het op ander terreine. Ek sal kortliks hierop ingaan onder die volgende ses tema’s:

- die verhouding van individu en gemeenskap
- die wilsbeslissing van die mens
- die visie op die kerk
- die perfeksionisme
- die twee-verdieping-Christendom
- die spiespunt van blydschap en getuienis

**Hier kom God se genade  
nie meer tot sy reg as iets wat  
van *alles* voorafgaan nie,  
óók aan óns keuse en óns geloof  
‘n gebooie-etiek nie,  
maar ‘n Christelike etiek**

### Individu en verbond

‘n Eerste punt is die verhouding van individu en gemeenskap. Sterk klem op *persoonlike* geloof is ‘n goeie saak. Maar by baie evangeliese lei dit tot ‘n individualisme wat beskadigend werk op ander temas van die geloofsleer. Daar gaan dit soveel oor die eie keuse van die individuele gelowige, dat (kort gesê) die Bybelse leer oor *God* se keuse en oor sy *verbond* nie tot sy reg kom nie.

**Christenskap sonder dissipelskap is altyd  
Christenskap sonder Christus**

– D Bonhoeffer

Dat ons goeie God sy werk wil doen onder die gelowiges *en hul kinders*, dat Hy sy volk van die nuwe verbond bymekaar bring in die weg van gesinsgewys saam optrek, verdwyn uit die oog. Evangelisasie kry 'n onbybelse groter waarde bo christelike opvoeding! Die kinderdoop (soms by voorkeur 'suigelingedoop' genoem) val dan by baie evangeliese weg. Hulle kies vir 'n geloofsdooop op volwasse leeftyd. Dit is verstaanbaar in reaksie teenoor 'n volkskerk. Baie evangeliese ken die kinderdoop alleenlik as 'n *volkskerklike* doop, waar alle kindertjies gedoop word, ook al kan die ouers skaars Christene genoem word. Die toppunt van outomatisme.

**... dat die verkondiging en die pastoraat van die kerk baie nou saamhang met die groei óf die beskadiging van die persoonlike geloof**

Maar as jy uit reaksie kies vir die geloofsdooop, gaan jy wel deeglik op 'n *verkeerde* spoor. Hier kom God se genade nie meer tot sy reg as iets wat aan *alles* voorafgaan nie, óók aan óns keuse en óns geloof. En die soewereine genade van God is tog die hart van die evangelie?!

### Die wilsbeslissing van die mens

Die klem op die maak van 'n persoonlike keuse verskuif baie keer na 'n oorbeklemtoning van *die wilsbeslissing van die mens*. Daarby kom die Bybelse leer van die uitverkiesing nie meer goed tot sy reg nie. Dit begin lyk asof God ons wel wil verlos, maar dat Hy uiteindelik tog van ons keuse afhanklik is. Dit is die Arminianisme wat jy by vele evangeliese vind. Dit is 'n hoë denke van die mens. Dit kry baie keer 'n tipiese Amerikaanse optimistiese kleur: die mens is darem nie so sleg nie. Hy kan nog heelwat bereik. Hy moet net sien dat hy Christus nodig het. Dus begin ons mense (dikwels op 'n nogal 'redeneer-agtige' manier) daarop wys, dat hulle veel beter af sou wees as hulle Christus as hul Redder sou aanneem.

As die beslissing van die mens die genadige keuse van God in die skaduwee plaas, dan kom die eer van God as einddoel van alles ook 'n bietjie in die skaduwee te staan van die geluk van die mens. Soms gaan dit net te veel oor die redding van die *mens*, sy welstand, sy geluksgevoel en wat verder volg.

## Persoon en kerk

As gevolg van die klem op die persoonlike geloof, kom die Bybelse leer oor die *kerk* verder onder druk te staan. In die Evangeliese Beweging heers die *denominasionalisme*. Dit is 'n grotendeels Amerikaanse verskynsel. In Europa is die kerk reeds daar – méér as in Amerika – vóórdat 'n mens gebore word. Eeue oue geboue is in die stadskern of in die dorpstraat duidelike aanwesig. Ons rig nie die kerk op nie. Maar jy word as Christen-kind binne die kerk gebore.

Maar in Amerika het die pioniers in onontginde land gekom. Daar was geen kerk nie. Hulle stig self 'n kerk. As iemand nie die taal waarin daar gepreek word verstaan nie, of as hy nie met die gang van sake in die kerk saamstem nie, dan stig hy 'n ander kerk. Dit was 'free enterprise', vrye onderneming. Sulke kerke kon dus ook nie te hoë pretensies hê nie. En dit maak (so word daar dan geredeneer) ook nie soveel saak by watter kerk jy aansluit nie. Jy moet jou tuis voel in 'n kerk. So nie, dan maak dit nie saak as jy 'n ander een soek nie.

Dit is tipies van die Evangeliese Beweging, dat hulle, as dit oor die kerk gaan, sterk Amerikaans gekleur is. Hulle wil kerklik geen standpunt inneem nie, maar 'n beweging vorm deur alle kerke heen. Die persoonlike geloofskeuse is uiteindelik bepalend. In watter kerk jy dan is, is sekondêr.

So 'n visie oor die kerk is vandag baie 'in'. En dit is ook nogal aantreklik. Maar in vergelyking met die Skrif word van die kerk hier te veel van 'n persoonlike saak gemaak. Die spanning van die roeping tot gehoorsaamheid insake die kerk word uitgehaal. En 'n mens dreig om uit die oog te verloor dat die verkondiging en die pastoraat van die *kerk* baie nou saamhang met die groei óf die beskadiging van die *persoonlike* geloof. Die kerk kan juis seënnend, maar ook verwoestend werk!

### Perfeksionisme

Die klem op die *heiliging* lei tot wat ons die *perfeksionisme* noem. Dit is die gedagte, dat 'n Christen 'n behoorlike mate van heiligheid en volmaaktheid kan bereik. Jy word oorwinnaar en jou lewe kom regtig op 'n hoër vlak. Daar het die sonde geen greep meer op jou nie. Daar deel jy in die volmaaktheid van Christus.

Aan die een kant klink hier wesenlike klanke uit die Bybelse boodskap. As Christus in ons leef, dan word ons lewe wesenlik anders (Rom 6; Gal 2:20; Kol 3:1ev.). Louheid in die kerk is iets onverdraaglik. Dat jy tot jou

The love of God is like the Amazon river  
flowing down to water one daisy

dood toe 'n sondaar bly, kom aan die ander kant by 'n deel van die evangeliese onvoldoende tot uitdrukking. Dat jy ook in baie opsigte nog in die sonde verstrick is (Rom 7: 'ek ellendige mens!')

Heiligheid mag jou lewe kenmerk, maar dan altyd 'n heiligheid *in Christus* – 'n heiligheid wat *in die geloof* jou deel is. Daarom is dit in die lewe nooit 'n onvervreembare besit nie, maar moet jy dit elke dag weer in die geloof in die lewende Here *toeëien*. Dit is 'n heiligheid wat in hierdie wêreld slegs nog in klein stukkies van nuwe gehoorsaamheid gerealiseer word. Die spanning tussen ou en nuwe mens bly altyd, tot die laaste ademtog.

## Twee verdiepings

Die perfeksionisme van die Metodisme en heiligingsbeweging lei tot 'n *twee-verdieping-Christendom*. Daar is Christene wat tog regtig glo. Wat trou kerk toe gaan en uit die Bybel lees en bid. Hulle bedoeling is werklik opreg. Maar hulle *is* (volgens die evangelies-denkendes) nog nie daar nie. Hulle moet 'dors' na méér. En wat is méér: 'n bepaalde 'sprong' in hul lewe, waardeur hulle vervul raak met die Gees.

Dan word hulle veel warmer en dieper Christene. Hulle voel 'n enorme stuk blydschap in hul lewe. Hulle begin baie vrymoediger getuig van hul geloof. En hulle bemerk dat bepaalde sondes van hul 'afval'. Daar kom 'n wonderlike geestelike groei.

Dit is welliswaar baie goed om klem te lê op die radikaliteit van die bekering. In prediking en pastoraat is dit ook altyd 'n sentrale punt. As alles reg is, behoort dit vir ons dominees en ouderlinge en opvoeders hoë prioriteit te hê. Geen geloop aan twee kante van die draad nie. Geen kompromieë word met die sonde in jou lewe gesluit nie.

Maar die sprong-idee by die evangeliese is nie reg nie. Veral nie as dit 'n *sisteem* word wat aan elke Christen opgelê word nie. Daar sal baie Christene wees, wat 'n aanwysbare en ingrypende vernuwing in hul lewe meegemaak het. Hulle sal die Here altyd daarvoor bly dank. Maar God werk in sy genade in die Christelike kerk ook baie geloof en bekering op 'n meer *geleidelike* manier. Soos in die spoor van die Christelike gesin en die gelowige opvoeding. Dan is daar nie so iets soos 'n aanwysbare sprong nie. Maar daar is *wel* (en niks minder nie!) die werk van die Gees! Dit gebeur deur die loop van die jare heen.

Dit sal trouens dan ook by die plotseling-bekeerdes ná hul bekering telkens weer moet gebeur. Jy het die aanhoudende bekering voortdurend nodig. Nòg jou gedoop wees as kind, nòg jou bekering as volwassene is 'n fondament om op te staan. Jy is steeds van God se genade en Gees afhanklik. Die werk van die Gees in ons lewe is nie eenvormig nie. Jy mag dit nooit in 'n sisteem probeer druk nie. Nie in twee, drie of hoeveel 'verdiepings' ook al nie. Hoe die Gees in ons werk, is 'n geheimenis. Hy het sy eie weë. Talle weë. In eindelose variasies.

Daarom is dit nie Bybels om van mede-Christene te vereis, dat hulle tog 'n besondere ervaring moes gehad het nie. As iets waarop jy moet wag en waarna jy ontsettend moet verlang nie: 'n 'Bevestiging van die Gees' of 'n 'verseëling met die Gees' as iets ekstras naas dit wat jy van dag tot dag en met die loop van jare *in die geloof* van die Here deur sy Gees ontvang het, nie.

Het iemand self besondere oomblikke geken in sy weg met God? Laat hy die Here daarvoor dank. Maar hy moet dit nie aan ander opdring en hulle toets en hulle daarvolgens beoordeel, of hulle dit wel op dieselfde manier ken nie. Laat elkeen sy eie pad met God loop. Elkeen met sy *eie* 'ups en downs', sy spronge vorentoe en sy terugvalle.

Heiligheid mag jou lewe kenmerk, maar dan altyd 'n heiligheid *in Christus* – 'n heiligheid wat *in die geloof* jou deel is.

## Twee spiespunte: bly wees en getuig

Hiermee hang nog 'n ander punt saam. In die Evangeliese Beweging sien jy altyd *twee kenmerke* van Christen-wees as spesifieke spiespunte na vore tree: blydschap en getuienis. Die ware Christen moet daaraan herken word. Hy straal 'n diepe innerlike blydschap uit. En hy spreek reëlmatig mense getuigend aan met die evangelie.

**Heiligheid mag jou lewe kenmerk,  
maar dan altyd  
'n heiligheid *in Christus* –  
'n heiligheid wat  
*in die geloof* jou deel is**

Op sigself is dit baie positief. Maar waar bly baie *ander* wesenlike kenmerke van Christen wees? Is die alles-oorheersende plek wat *blydschap* en *getuienis* in die evangeliese visie het, wel Skriftuurlik?

Voordat ons die kruis kan sien as iets wat *vir ons* gedoen is, moet ons dit eers sien as iets wat *deur ons* gedoen is.



As ek die Psalms lees, dan kom ek meer gevoelens daar teë as net blydschap! Daar klink ook vroe, soms amper wanhopige vroe. Daar klink klagtes. Daar is baie droefheid, baie swak geloof. Daar is ook erns, selfbeproeving, verwagting, lering ensovoorts. Die spektrum is baie breër as net blydschap.

Dit is 'n 'smalspoor-denke' om dan soveel klem op blydschap te lê. Daar is méér in die lewe as net 'praise'. Baie meer. Ons kerkdienste mag ook veelkleuriger wees. Jy moet vir baie méér vra as net: 'vind ek blydschap daar?' Kerkdienste moet *eksistensieel* wees. En *ryk*. Maar 'bly' is daarvoor 'n heeltemal te smal woord! Die dienste hoef ook nie altyd met 'n loflied te eindig nie. Dit sal 'n skadelike versmalling wees, ook vir ons geloofservaring.

## Evangeliseer

Die tweede kenmerk is: *getuig*. Evangelisasie voor en na. 'n Goeie Christen móét wel bekeerlinge maak. 'Hoeveel mense het ú al tot Jesus gebring?' Hierin is baie goeie elemente. En dit is beskamd vir ons wat soms so min vrymoedigheid het in die uitdra van die goeie boodskap. Jy kan baie leer van allerlei insigte en metodes wat deur die evangeliese ontwikkel is vir die evangelisasiewerk.

Maar dit is opnuut 'n eensydige 'smalspoor-denke' as evangelisasie nou díé groot item word in die Christelike lewe. Hier word iets beklemtoon wat ons nie so in die Nuwe Testament teëkom nie. Daar is 'n veelheid van 'vrugte' en 'aktiwiteite' waarin ons Christen-wees gestalte kry.

Laat ek 'n voorbeeld noem: die omgang met God en die gelowige opvoeding in die Christelike gesin. Vir ons heel gewoon. As jy 'n ensiklopedie oopslaan, sal jy vind dat by 'Evangeliese Beweging' altyd die evangelisasie genoem word. Maar by 'gereformeerde' lees jy amper nooit die woord 'gesin' en vind jy niks oor die gesins-diens aan die Here en die gereformeerde opvoeding nie.

Maar hoe is daar juis op hierdie terrein ontsettend baie aan die kerk van God gebou en arbeid in God se koninkryk gedoen! In ons direkte omgewing. Baie gewoon. Maar vrugbaar!

En dan is daar nog allerlei ander lyne: gelowige wetenskaplikes of politici, kleinskaal barmhartigheidswerk, Christelike onderwys, ensovoorts. Ek wil sê: wie getuig en evangelisasie eensydig maak tot díé groot kenmerk van goeie

Christen wees, is verkeerd besig. Om met God te lewe is volgens die Skrif baie breër as opsetlike evangelisasiewerk.

*(Die vervolg-artikel kom DV in die volgende uitgawe van Vox Viva)*

## Saam op vakansie?

MJC Blok

Jy is jonk en verlief. Jou vriend is ook jonk en verlief. Die vakansie kom nader. Wat is lekkerder as om saam vakansie te gaan hou?

Of: Julle hou van mekaar. Wat is dan nou lekkerder as om in die naweke bymekaar te wees? Oordag by mekaar. En ook snags. Is dit verstandig?

Oor hierdie vroe wil ons in hierdie artikel nadink. Na my mening raak bostaande situasies al meer normaal vir ons. Dit is mos ons eie saak wat ons in ons verhouding doen? Bepaal die jongmense nie sommer self wat mag en wat nie mag nie? Hoe moet ons as ouers hierop reageer? En as kerkraad?

## Hoe reageer ons?

In ons tyd is dit normaal om seksualiteit te beleef ook as daar nie 'n vaste verhouding is nie. Indien jy maar net veilige seks het, met 'n kondoom. Seks is in ons samelewing vry, solank jy 'veilig vry'. Seks voor die huwelik is dan logies. Almal aanvaar dat "dit" gebeur as jy 'n vaste verhouding het. "Ons het mos 'n vaste verhouding; dus wat daarvan!"

Die Bybel leer ons dat die beleving van seksualiteit slegs in die "totaalverhouding", binne die huwelik, toegestaan word. Ons verwys hier na Hooglied en na die voorbeeld van Josef en Maria. Ons kan ook Deuteronomium 22:20,21 noem. As dit bekend geword het dat 'n meisie nie as 'n maagd in die huwelik getree het nie, moes sy gestenig word, omdat sy ontug gepleeg het. Ontug is die onbedoelde gebruik van seksualiteit.

Uit 1 Korinthiërs 7 blyk ook dat slegs in die totaalverhouding van die huwelik die intieme kontak tussen man en vrou toegelaat word. Dit is beter om te trou as om van begeerte te brand (1 Kor 7:8). Wie na die liggaamlike eenheid met 'n man of 'n vrou verlang, moet eers trou. Ook en veral kan daar gewys word op Genesis 2:24: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees". Eers vader en

Die ware vrede bring altyd die skerpste stryd

- K Schilder

Liggaamlike oorgawe. Die oorgawe is 'n eindpunt van 'n bepaalde ontwikkeling, nie 'n beginpunt of 'n halte êrens op pad nie. Eindpunt en hoogtepunt. En tegelykertyd 'n nuwe begin: saam verder as man en vrou.

Daar sou nog meer hieroor gesê kon word. Oor hierdie onderwerp is daar heelwat goeie en gereformeerde voorligting beskikbaar.

### **Sorg dat uitgaan uitgaan bly**

Dink jouself in dat julle in die uitgaanstyd al die diepste intimiteit beleef het. Julle het gemeenskap gehad. Dink jouself vervolgens in dat julle die verhouding verbreek, omdat julle tog nie regtig met mekaar oor die weg kan kom nie. Dan was julle immers in God se oë ontrou?

Uitgaan is “net nog maar” uitgaan. 'n Proeftyd. 'n Tyd van kennismaking. Julle kyk of julle bymekaar pas. Is ons vir mekaar bedoel? Solank as wat jy uitgaan, kan jy die verhouding nog verbreek. As dit gebeur, is dit natuurlik baie hartseer, maar dit kan nodig wees. Beter ten halwe gekeer as ten volle gedwaal...

Moenie in die uitgaanstyd maak asof julle al getroud is nie. Julle is besig om 'n verhouding op te bou. Julle verken mekaar. Julle praat met mekaar. Julle gaan kuier by vriende. Julle bid met mekaar en lees saam uit die Bybel. Dit is tog so? Julle leer mekaar steeds beter ken. Mekaar se goeie en swak punte. Laat uitgaan uitgaan bly! Julle is bymekaar, maar deel nog nie alles nie! Jy wil self ook nog nie alles deel nie: jy wil byvoorbeeld tog nie daaraan dink dat daar in die uitgaanstyd al kinders kom nie.

**Die seksuele oorgawe is 'n eindpunt van 'n bepaalde ontwikkeling, nie 'n beginpunt of 'n halte êrens op pad nie.**

Wanneer jy verlief is, verlang jy na die ander. Ook na die liggaam van die ander. Julle raak mekaar aan, streel mekaar en soen mekaar. Julle groei liggaamlik steeds meer na mekaar toe. Julle wil julleself aan God se leefreëls hou. Ook wat betref beleving van seksualiteit. Dit is beslis nie maklik in ons kultuur met sy baie seksuele prikkels nie.

Dit is belangrik dat julle saam oor hierdie dinge praat. En saam keuses maak. Praat ook met goeie vriende en

en vriendinne. Dit is ook belangrik dat ouers hulle kinders hierin die regte leiding te gee! Wil ons bly by die Bybelse ABC vir seksuele omgang tussen man en vrou? As julle hierdie vrae nie saam bespreek nie, is die kans groot dat hartstog julle gaan beheers. Om te vry is altyd makliker as om te praat. En in die naweek wil jy darem 'n bietjie ontspanning hê... Maar jy wil tog ook met jou seksuele omgang die Here dien?

As julle saamstem oor die beginsel om nie voor die huwelik saam te slaap nie, kan julle saam konkrete afsprake maak. Julle besluit byvoorbeeld om:

- geen voorbehoedmiddels aan te skaf nie;
- snags nie by mekaar te bly nie, tensy ander persone by is;
- nie mekaar se klere uit te trek nie;
- mekaar nie bevredig nie.

Dit klink miskien nogal negatief: nie..., nie..., nie... Maar hierdie negatiewe formulering kan 'n baie positiewe uitwerking hê: om mekaar voor God se aangesig steeds beter te leer ken. En dit met 'n goeie gewete!

'n Mens staan voor 'n groot taak as jy jouself vandag aan God se leefreëls wil hou. Met val en met opstaan mag jy baie van God se Gees verwag. En van God se vergewing in sy Seun, Jesus Christus. Wie hierin sonder sonde is, laat hy die eerste klip gooi...

### **Saam gedurende die naweek**

As julle gedurende die naweek bymekaar oorslaap, sorg dat daar ander by is. Maak goeie afsprake: die seuns in een kamer en die meisies in 'n ander kamer. Gaan julle saam op vakansie, doen dit liever met 'n groep: ouens in een tent en die meisies in 'n ander tent. Maak as groep afsprake. Kerkrade sou hierin advies kon gee.

Sou dit nie moontlik wees om as groep saam te wees (met goeie afsprake) nie, maar alleen saam, dan kan die volgende 'n goeie reël wees: laat een van beide êrens anders oornag, by 'n goeie vriend of vriendin. Hierdeur gaan daar ook 'n positiewe boodskap uit na die res van die jeug.

Soms kry ek die idee dat daar binne Christus se gemeente oor hierdie dinge baie verskillende lewenspraktyke bestaan. Dit behoort nie so te wees nie. Kerkrade het tog ook die taak om op hierdie gebied geestelike leiding te gee?

Om te bid soos dit hoort, is 'n sonderlike gawe

- J Calvyn

# Kontrole

*J Wesseling*

Speurend kyk Sarel deur die venster ondertoe. Die see was rustig. Kilometers ver kon hy oor die waters kyk. Onder hom lê die Noordsee. Vir die laaste keer vlieg hy oor die skeepvaartsroete. Hy is amper klaar vir die dag. Dit bly vir hom 'n pragtige gesig: al die skepe wat hulle weg probeer vind deur die water. Vir 'n oomblik was die skepe op dieselfde roete, maar hulle bestemming kon hemelsbreed verskil.

Dit was sy taak om die skepe dop te hou. Meer spesifiek: om daarop te let dat daar nie onwettige dinge gebeur nie. Olielekkie of -vrylatings. Of gemors, wat sommer gemakshalwe oorboord gegooi word. Vandat hulle kort gelede die kontrole verskerp het, het hulle al heelwat onwettige praktyke opgetel. Maar dit bly frustrerend: hierdie olielekkie waardeur honderde voëls op see 'n afgryselike dood sterwe. Om nie eers verder te dink oor die beskadiging aan die omgewing nie.

So op die eerste gesig lyk dit soos 'n idilliese prentjie daar onder hom. Maar sy werk het hom in die loop van die jare agterdogtig gemaak. Hy het maar net te goed geweet dat die kapteins hier onder hom almal maar die neiging het om hulle eie of hul ekonomiese belange die voorrang te gee. Nee, as die see so kalm is, probeer hulle meestal nie vreemde dinge nie. Maar sodra die waters 'n bietjie woeliger word, gryp hulle hul kans aan. Natuurlik in die hoop dat die spoor sommer gou vinnig deur die wind en die golwe uitgewis sal word.

## Betrap!

Dit was sy taak om die sein deur te gee. Die vliegtuig was vol met tegniese apperate. Selfs snags kon hulle met infrarooi kamera's die olieplekke optel. Elke verdagte waarneming word opgeskryf in die boek. Ander instansies neem die saak dan verder, vanuit die aantekeninge wat hy in sy boek gemaak het. Hulle gaan in op die bewysvoering om die daders vas te trek.

Hulle werk word meestal in stilte gedoen. Slegs die heel grofste oortredings haal die nuus. 'n Duidelik aanwysbare oliespoor. Of honderde besmeerde voëls. Hy dink reëlmattig aan God.

Sou Hy ook so vanuit die lug sy waarnemings doen? Nee, 'hi-tech' en infrarooi apperate het die HERE nie nodig nie. Maar aanhoudende oortredings en onwettige praktyke van mense optel, dit gebeur tog wel. Sy al-

siende oë – 'n vergrote satellietfoto of 'n infrarooi-film is niks in vergelyking daarmee nie. En God is ongetwyfeld nog baie meer agterdogtig as hy. As Iemand verstaan dat 'n mensehart van nature net kwaad en gif produseer, dan was dit verseker Hy!

Jy dink nog dat jy later behoue die hawe sal inloop. Maar dan word jy daar met 'n meters-dik dossier gekonfronteer. En dit blyk dat alle mooi en slegte dinge daarin bygehou is. Selfs die onwettige praktyke wat jy in die nagtelike donker uitgevoer het, is haarskerp opgetel en opgeskryf. Net die gedagte alleen... Sy keel voel asof dit opnuut wil toekny. So 'n vooruitsig haal immers die glans van die vergewing af. Hoe kon jy so ooit verlang na die terugkeer na Jesus toe? Elke mens het tog onwettige gif aan boord, hoe goed jy ook al jou bes doen om vir die HERE te lewe? En in die Bybel mag èrens staan dat God ons ongeregtighede in die diepsee gooi, maar wat help dit jou as Hy dit later net weer alles bo water sou haal?

**Juis as gelowige mag jy elke oomblik jou gemors oorboord gooi ... en niemand mag dit weer opbring nie.**

## Angs

Aan die horison begin die aandlug al sigbaar word. Teen die tyd wat hy aan land sal gaan, sou dit pas donker geword het. Ironies: die angs kleur sy toekomsbeeld al donkerder.

So 'n voorbeeldige mens was hy nog nooit gewees nie. As kind reeds het hy 'n sterk eie willetjie gehad, volgens sy ma. Op skool het hy gereeld teen die draad in gegaan. Onbeskof. In sy laat tienerjare het hy gereeld probleme veroorsaak. Uitgaan. Drink. Af en toe dagga. In dié tyd het hy presies geweet wat daar in die wêreld te beleef was. Trouens, net soos sy vriende in die kerk. En met meisies het hy ook maar losserig mee omgegaan. O ja, hy het kerk toe gegaan. En katkisasie! Meer uit gewoonte, agteraf gesien. Dit moes. Eers deur Maryke se toedoen het hy weer 'n bietjie in die regte spoor beland. Sy het 'n heilsame invloed op hom gehad. Haar geloof, haar duidelike keuses, het hom aangespoor. Dit het hom aan die begin geïrriteer, so vroom soos wat sy kon praat. Stadig maar seker het dit hom begin boei. Hy het al hoe meer met haar begin praat. Op 'n gegewe oomblik het hulle saam 'n gesprek gehad met hulle ouderling. Alles het na vore gekom. Die gebed om vergewing daarna het

Is gebed jou stuurwiel of jou spaarwiel?

hom aangegryp. So asof die gelykenis van die verlore seun oor hom gespoel het!

En tog: hy voel nog reëlmstig die ang. Eintlik word maar min daarvoor gepraat. Ja, vroeër op katkisasie het hy soms agtergekom dat party leeftydsgenote ook daarmee geworstel het. Hy het daarvoor gelag: waarom ontstel hulle hul so? Die gevoel van minderwaardigheid, van telkens tekortskiet, dit was mos net 'n leeftydsverskynsel? Jy ontgroeit dit mos weer? So het hy gedink. Dus nie! Dit kom hy nou agter.

### Verklaar?

Vir die soveelste keer ontdek hy hoe nuttig dit is as jy die Kategismus uit jou kop uit geleer het. Dit is alweer 'n goeie twintig jaar gelede. Vergewe beteken dat 'God nooit meer aan al my sondes wil dink nie en selfs nie aan my sondige aard nie'. Vir 'n lang tyd kon hy dit nie laat rym met die teks uit die Bybel: 'die mens sal rekenskap moet gee van elke woord wat hy gespreek het', nie. Wat is dit nou: vergewe en vergeet? Of: van elke sinlose woord, wat God as 't ware met sy verfynde af luisterapparaat gehoor het en in sy boek neergeskryf het, rekenskap gee? Afskuwelik! En dit staan daar! Elke verkeerde woord. Elke skewe grap. Elke skeldwoord. Elke opmerking om indruk te maak op meisies. Waar is die begin en waar is die einde van dit alles? Sou dit so bedoel wees?

Die verhaal gaan oor die situasie waarin Jesus beskuldig word (Matt 12:22 ev). Die Fariseërs kon dit nie ignoreer nie: Jesus was dié Man van God. Hemelse kragte word sigbaar. Goddelike gesag kom op hulle af. Maar hulle begin dit alles aan die duiwel toeskryf. Teen hulle beterwete in. Solank hulle net nie vir Jesus hoef te buig nie.

**“Van elke ydele woord moet rekenskap gegee word”: dit staan tog baie duidelik in die lig van jou houding teenoor Jesus Christus**

‘Van elke ydele woord moet rekenskap gegee word’: dit staan tog baie duidelik in die lig van jou houding teenoor Jesus Christus. Hoe stel jy jou op? Gee jy jou in geloof aan Hom oor? Of maak jy Hom af as onbelangrik? Probeer maar om van laasgenoemde, as Hy in eie Persoon terugkom, rekenskap te gee! Inderdaad: 'n mens kan nie eers daarmee begin nie.

**Ons moet ons omstandighede sien deur God se liefde vir ons, en nie – soos ons geneig is om te doen – God se liefde vir ons sien deur ons omstandighede nie**

- J Bridges

Wanneer jy jou hier op aarde van Jesus vervreem het, staan jy op die jongste dag met 'n mond vol tande.

Hy kan onder hom net die kuslyn sien. Aan die vliegtuig kan hy voel dat die wind opsteek. Nog 'n klein tydjie en dan was hy by sy eindbestemming.

### Vergewe!

Sy gedagtes gly verder. Die beeld van die wit klere boei hom al hoe meer (Openb 7:9). Daaronder was hy naak. Onbeskermd. Jy staan as sondaar ontbloot. Maar deur Jesus Christus word jy weer aangetrek. Wit: die kleur van reinheid. In die reg wees – reg voor God. In Christus.

Nee, dit is nie asof God vanuit 'n vliegtuig alles dophou nie. Maar Hy bekyk tog alles noukeurig vanuit die lug. Jy kan dit amper 'n seletiewe kontrole noem. Juis as gelowige mag jy elke oomblik jou gemors oorboord gooi. En God laat dit wegsak tot op die seebodem. Niemand mag dit weer opbring nie. Sarel sal nie net-nou in die hawe daarop aangespreek word nie. God het sy eie Seun al daarvoor aangekyk. Die skuld is vereffen. Die straf is gedra. Jou 'afval en vuilgoed' is by Hom gedeponeer. Die boek word sterk uitgedun: alle swart bladsye word uitgeskeur. Alle onwettige praktyke word vergewe en vergeet.

‘Om Christus’ ontwil.’ Hoe maklik kan ons dit so uit gewoonte in ons gebede sê. Maar uiteindelik begin dit tog steeds meer kleur kry in 'n mens se lewe. Die rooi word al hoe dieper en dieper. God wil nooit meer dink aan... tensy jy nie jou redding by Jesus Christus soek nie. Dan word jy later by die hawe aangespreek oor jou gifstortings. Jou onwettige praktyke. Dan wel. En geen mens wat dán nog 'n voldoende verklaring kan gee nie.

### Tuis

Net soos die wind begin sy verlange ook opsteek. Eintlik het hy niks om te vrees nie. In die verte doem die ligte van die landingsbaan op. Hy verlang altyd weer na die landing. Die voldane gevoel wanneer die wiele die grond raak en die vliegtuig veilig op die grond staan. Oor 'n uur kan hy lekker met Maryke praat. Na harde werk was dit goeie rus. Dit kan 'n mens eintlik mooi vergelyk. Net-nou sal hy veilig by sy Tuishawe aankom. By Jesus. ‘Salig is die dode wat in die Here sterwe; sodat hulle kan rus van hulle moeites, en hulle werke volg met hulle’. Sy ang het inmiddels plek gemaak vir verlange. En vir bewondering. ‘Ons, van alle smet ontdaan, sal rein voor Jesus staan.’ Hy sien al uit daarna!



# Want ek het my kind lief

C Saayman

Watter gelowige ouerpaar het nie soms 'n stryd met die dissipline van hul kinders nie? Dit bly maar altyd 'n moeilike kwessie en dikwels is die vraag: “Wat leer die Skrif in hierdie verband?” Die (post-) moderne wêreld gee baie onbybelse raad en Christene leef in die middel van hierdie dampkring en word daardeur gebreinspoel. Die algemene tendens is om die diepe, totale verdorwenheid van die mens te ontken en dus kinders te sien as wesens wat eintlik in beginsel “goed” is. Het elke mens dan nie – volgens New Age perspektief – 'n *godjie* binne hom/haar nie? Wie egter deur die bril van die onfeilbare en gesaghebbende Woord kyk, weet onmiddelik dat die mens – en daarom ons kinders – diep bedorwe is (Efes 2:1 ev) en juis daarom bewerk die Gees die kind se heiligmaking deur middel van die dissipline in die ouerhuis.

Dit is opvallend dat die woord “dissipline” die woorde “dissipel” en “dissipelskap” na vore roep. Stel jouself die Here Jesus en Sy twaalf volgelinge voor. Dit help 'n mens nogal om te verstaan op watter wyse ons die Bybelse begrip van dissipline moet benader. Jesus se dissipels was daaraan toegewy om Sý weë te modelleer en van Hom te leer. As wedergebore ouers, streef ons daarna dat ons kinders sal toeneem in alles wat God bedoel dat hulle sal wees. Dissipline dien hiërdie doel: om ons kinders te leer om navolgers van Christus te wees, nie in die eerste plek navolgers van onself nie. En tog is dit juis in die *ouers* as gesagsfigure wat die kind *Christus* se heerskappy leer ken. Wat 'n wonder! Wat 'n verantwoordelikheid! Dit is in die ouers se *voorbeeld* wat die kind Christus se gesindheid van selfverloëning leer ken (Fil 2:5-11). Voordat enige metode van dissipline dus ter sprake kom, gaan dit eerstens oor die gesindheid van Christus wat die ouers aan die kind modelleer.

En tog is die metode baie belangrik. Kom ons kyk na enkele riglyne. Die eerste metode van dissipline wat Christenouers toepas is om die Here en mekaar lief te hê. Vertikale en horisontale liefde is 'n metode van dissipline, want dit bied aan die kind sekuriteit en standvastigheid. Tweedens moet die kind se selfwil, eiesinnigheid en ongehoorsaamheid aangespreek word. Dit is interessant om te sien hoe die Here Sy volk op hierdie terrein gedissiplineer en gekorrigeer het, dikwels deur middel van minder aangename metodes

(vgl Num 21). Kinders is veral lief om hul ma's se sagte natuur te manipuleer. Daarom ken die Skrif die gebruik van die roede om kinders fisies te dissiplineer (Spr 29:15, 13:24, 22:15, 20:30) sonder om hul daarmee opstandig of moedeloos te maak (Efes 6:4). Die roede moet met die betuiging van liefde gebruik word (Hebr 12:5-6). Tog mag ouers nie van die roede wegstroom as gevolg van die kortstondige onaangenaamheid daarvan nie. Die mees gelukkigste kinders is hulle wat die Here werklik leer ken, wat grootword binne die sekuriteit van hulle ouers se onderlinge liefde vir mekaar en wat duidelike grense ken, wat nie oorskry mag word nie. Kinders moet weet: waar grense oorskry word, sal daar gevolge wees. Hulle moet egter ook weet dat gehoorsaamheid beslissende positiewe resultate oplewer.

**En tog is dit juis in die *ouers* as gesagsfigure wat die kind *Christus* se heerskappy leer ken.**

Bybelse kinderdissipline opereer dus tussen vier duidelike bakens: 1) Die heerskappy van God deur Sy Woord en Gees 2) Die ouers se liefde vir God en mekaar 3) Die gebruik van die roede en 4) Positiewe liefde en aanmoediging. Sodoende leer kinders dat dit die Here is wat ons deurentyd dissiplineer om ons te lei, te onderrig, te korrigeer en op te lei in godsvrug. “Kinders, gehoorsaam julle ouers in die Here, want dit is reg, sodat dit met julle goed mag gaan en julle 'n lang lewe op aarde mag hê.” (Efes 6:1,3).

## Die bouwerk begin

(Nehemia 3)

C van den Berg

### Agtergrond

God roep Nehemia om Jerusalem se mure weer op te bou. Met die toestemming van die koning het hy na die stad van God gegaan. Al die nodige dokumente is in sy besit, deur die koning sêlf onderteken, met die oog op die samewerking van bestuurders en die voorsieners van die boumateriale.

Na ondersoek van die situasie stel Nehemia sy plan bekend. Hy soek bouers binne en buite Jerusalems. So 'n groot werk kan net slaag as almal skouer aan die wiel sit.

**Sin is like quicksand: your own efforts only make you sink deeper.  
Only an outside hand can pull you out**

Dit word aan die begin al dadelik duidelik. Een ding is seker, die herbou sal nie sonder stampe en stote verloop nie.

## 'n Naamllys

Hoofstuk 3 is 'n ander soort hoofstuk, wat maak 'n mens met al hierdie name? Dit lyk soos 'n lys wat uit die argiewe opgediep is. Ook hierdie hoofstuk is die woord van God. Deur God se besondere sorg, het hierdie lys met name behoue gebly. Ook vir ons. Dit het waarde.

*“2 Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid.”*

Die nuttigheid is dalk nie altyd dadelik duidelik nie. Tog is dit deel van die Skrifwoord. 'n Mens kan betrokke wees. Byvoorbeeld: Op die nuus sien jy 'n klomp mense wat na 'n lang lys met name staan en kyk. Name van mense wat op 'n vliegtuig was, wat verongeluk het. Soms sê so 'n lys jou baie. Dit kan 'n lys met name van wenners wees.

## Bou met vertroue (vers 1)

Die lys in Nehemia 3 is van die bouers van die mooiste stad in die hele wêreld, die stad van God. Hoe begin hierdie lys?

*“Neh 3:1 “En Éljásib, die hoëpriester, het hom klaargemaak met sy broers, die priesters, en hulle het die Skaapspoort gebou”*

Hulle het begin met 'n reusagtige werk. 'n Muur om die hele stad. Nie net gate toestop nie. Nie slegs hier en daar 'n meter nie, nee, honderde meters lank. Kort gelede het Nehemia ondersoek ingestel. Wat 'n gemors, plek-plek moes hy oor die ruïne klouter.

Begin dan maar met bou. 'n Mens moet baie vertroue hê in dit wat jy aanpak. 'n Groot geloof is 'n vereiste. Geloof dat God self bou en help. Wanneer God nie bou nie, kom niks tot stand nie. Maar as God bou, dan werk alles uit. (Ps 127) O ja, God bou, seer sekerlik! Neh 2:20 “God sal ons dit laat geluk.”

Hoe kan Nehemia so seker wees? Waarvandaan kom hierdie sekerheid? By wie anders as God. Sekerheid omdat God dit self gesê het. Hý het belowe. God het die opbou van die mure al belowe deur Sy profeet Jeremia. Net voordat Jerusalem verwoes is.

*“Jer 31:38 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat die stad vir die HERE herbou sal word, van die toring Hanáneël af tot by die Hoekpoort.”*

Hierdie tyd breek aan in Nehemia 3:1

*“En Éljásib, die hoëpriester, het hom klaargemaak met sy broers, die priesters, en hulle het die Skaapspoort gebou; hulle het dit geheilig en sy deure ingesit; verder tot by die toring Hamméa wat hulle geheilig het, tot by die toring Hanáneël.”*

## Die poort na die huis van God (vers 1)

So begin die werk. Die een hier en 'n ander daar. Die Skaapspoort word eerste genoem. Deur hierdie poort het die skape gegaan, op pad na die tempelplein om daar vir die Here geslag te word. Deur die Skaapspoort kom jy by die tempel uit. Die poort “wat hulle geheilig het”.

Die poort gee toegang tot die huis van God. (Joh 5:1,2) Jesus Christus loop eeue later deur die Skaapspoort. Ook vir Hom is die poort gebou. Vir die koms van God, vir die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Vir 'n nuwe lewe by God. Vir vrede en rus by die Here.

Nie net lees ons van die Skaapspoort nie, ook baie ander: Vispoort, Ou Poort, Dalpoort, Aspoort, Fonteinpoort, Waterpoort, Perdepoort, Oospoort en die Wagpoort. Tien poorte altesaam. Die deur na die nuwe Jerusalem is nie op 'n skrefie oop nie. Nee, vanaf al die kante is dit toeganklik. Van watter kant ook al, jy is welkom tuis. Die hemelse Jerusalem het 12 poorte en ander name as in Nehemia 3 (Open 21:12). Die poort na die huis van God (vers 1)

## Elkeen op sy plek

Die bouers. Die een na die ander word genoem, op sy naam. Eljasib, die hoë priester, vooraan. Hy was nie 'n vakman nie, o nee, glad nie. Tog werk hy saam. As eerste, saam met sy kollegas. Almal uit hulle priesterklere en in oorpakke. Allerhande mense wat normaalweg nie by 'n bouwerk betrokke sou wees nie.

Vers 32 – goudsmede. Gewoond om mooi juweliersware te maak. Nou dra hul rommel weg, dra stene aan, messel en timmer. Vers 32 – koopman. Hulle het hierdie werk nie van jongs af geleer nie. Wat van die salfmengers in vers 8, sien jy ook aptekers wat saam werk en verantwoordelik is vir 'n stuk muur? In vers 9 sien ons die naam van Refaja, seun van Hur (m.a.w. Ben-Hur) 'n owerste. Hy neem die een helfte van Jerusalem onder sy beheer. Die ander helfte val onder Sallum. Vir hierdie twee leiers is messelwerk nie minderwaardige werk nie. 'n Goeie voorbeeld - die twee kies nie 'n werk wat hulle aanstaan nie, maar hulle doen wel die werk wat gedoen moet word. Dít is diensbaarheid, doen wat jou hande vind om te doen.

Die geskiedenis-van-sending is  
die geskiedenis-van-beantwoorde-gebede

- SM Zwemer

Dan is daar die mooi opmerking (vers 12) - sien julle meisies: “*hy...en sy dogters*” Dit is Sallum, die owerste se dogters. Hulle werk ook saam aan ‘n nuwe Jerusalem. Nie vir hulle eie beursies nie, maar vir God. Vir die stad van God. Vir al die kinders van God.

Dit is nie tot die mense van Jerusalem beperk nie. Ook vanuit Tekoa (vers 55) - geboortedorp van die profeet Amos. Ook mense vanuit Gibeon en Mispa (vers 57). Mense uit dorpe, kilometers ver. Die redenasie was nie dat dit Jerusalem se eie probleem is nie, ‘n kwessie van: moenie julle probleem myne maak nie. Nee, hulle staan gereed om te help. Jerusalem is ook hulle stad. Werk vir die stad van God.

Daar is ook mense wat baie ywerig is. Dit word nie van almal gesê nie. Maar in vers 20 lees ons van ‘n sekere Barug – “*vol ywer was die man besig.*” Die opmerking is pragtig. Spesiaal genoem in die boek van God, ook vir ons vandag. Regtig ‘n aansteeklike opmerking!

So is hulle orals besig om te werk, rondom by die hele stadsmuur. In die laaste vers lees ons weer van die Skaapspoort. Dan is ons weer terug by die vertrekpunt. Orals word gewerk aan ‘n nuwe muur met poorte. Allenig sal soiets nooit gedoen kan word nie. ‘n Werk om saam met ander te doen. Almal moet help om Jerusalem te bou.

### **Elkeen op sy plek, ook in die kerk**

Dieselfde geld ook vir Jerusalem van vandag. By die bou van God se kerk. Allenig – onmoontlik. Dit kos baie werk om die gemeente te bou. Almal saam – die een hier en die ander een daar. Almal op verskillende plekke. Maar almal wel besig om aan één gemeente te bou.

Wat jou beroep ook al is, programmeur of verpleegster, vir die bou van die gemeente word almal benodig. Alle soorte gemeentede. Mense, meer of minder intelligent. Almal besig om mekaar toe te rus deur diensbetoning. Lees maar Efesiërs 4.

Mekaar help en dien. Ons bou vandag met lewende mense. Nie met gebakte stene nie, maar met lewende stene. Werk aan mekaar, met woord of daad. Werk aan mekaar om te leer glo, om te groei in die geloof en om saam te glo.

Paulus sê: “*Ef 4:13 ‘totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;*”

### **Diensweieraars (vers 5)**

Elkeen op sy plek! Dit was die vorige paragraaf. Oor almal saam. Tog is daar ‘n paar wat ontbreek (vs 5) “*maar hulle verneme manne het hulle nek nie gebuig onder die diens van hulle HERE nie.*”

‘n Pynlike opmerking. Dit geld van die aansienlikes uit Tekoa. Spesifiek die groep. Hoekom wil hulle nie saamwerk nie? Dit is vir hulle nie die moeite werd nie. Gebrek aan geloof dat God dit sal laat slaag! Gebrek aan liefde! Die lied oor Jerusalem is vir hulle onbekend. “*Ps 137:5 As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet!*”

Geen liefde vir die saak nie. Hulle is nie beskikbaar nie. Gewone mense neem deel. Nie die aansienlikes nie. Baie hartseer dat hulle afwesig is. ‘n Jammerte vir die mense self, want die bouery gaan verder. Jerusalem sal gereed wees. Dan kom daar groot fees.

Jammer as jy nie wil lewe en werk vir Jerusalem nie. Net kerk toe gaan, want dit hoort so. Vir die res nie beskikbaar nie en nêrens te bespeur nie. Jammer vir hulleself. Tipies dat dit juis die aansienlikes was. Jou status kan jou lewe baie moeilik maak.

Dit kan jou baas word, sodat jou eie eer bo alles gaan. Tog gaan dit nie oor jou eer by die bou van die kerk nie. Die eer van die Here – dit is die middelpunt. Ons is hier vir Hom en almal saam vir Hom. Die aansienlikes van Tekoa stel nie belang nie. Laat ‘n mens dink, nê? Vir die Here en Sy kerk? Of wil jy vir jouself lewe? ‘n Keuse moet gemaak word; is jy bereid om jouself op te offer? Of is jy te lief vir jouself?

### **Bou vir God en Sy volk**

Ons het nou die hele naamlys gelees: die bouers van die nuwe Jerusalem. God het besluit om hulle name te laat opskryf en dit goedgekeur. Al vir eeue staan hulle name daar. Miskien het jy nog nooit so ver gelees nie. Dit is goed om te doen, vers vir vers.

Hoofstukke met naamlyste is nie waardeloos nie. Veral nie as hulle in die boek van God verskyn nie. Ons lees in die Bybel van ‘n ander boek met name, van mense van Jerusalem. Van die nuutste, hemelse Jerusalem. Openbaring 20:12 vertel oor die boek van die lewe of die boek van die Lam. Daarin word die bouers van Jerusalem genoem en die wat deur sy poorte sal ingaan. In Nehemia is die poorte van klip en hout, later gaan die poorte van pèrels wees.

The Bible was the only book Jesus ever quoted,  
and then never as a basis for discussion  
but to decide the point at issue

- L Morris

Wie sal ingaan deur die Pêrel-poorte? Net die goeie en getroue diensknegte.

Die mense wat lief is vir God en Sy volk. Hulle wat alles gee en opoffer vir Sy kerk. 'n Lys met name is met die eerste oogopslag dalk baie vervelig. Wat as die name mense is wat jy lief het. Dan staan sake anders nê. Netnou sal ons Eljasib ontmoet. Ook die dogters van Sallum en die ywerige Barug. Leer om hulle te sien as mense wat deur God werd geag is om in Sy boek te vermeld. So lief is Hy vir hulle. Een vir een. Kan jy ook lief wees vir hulle? Mense wat jy later wil ontmoet?

### **Aandag van God vir die Genoemdes!**

En vandag? God hou van jou en van julle, een vir een. Elkeen se naam word genoem. By jou doop. Leer om op 'n goeie manier na mekaar te kyk: hierdie een en daardie een, voor en agter, links en regs, dit is almal vandag se bouers! Dit is mense wat saam mag bou aan die hemelse Jerusalem. Mense wat daar mag woon – vir ewig.

By Nehemia was daar mense wat nie wou saamwerk nie. Is daar vandag ook mense wat nie wil saamwerk nie? Vir God en Sy kerk? Dit kan gebeur. Dit het toe gebeur en dit gebeur vandag nog.

Die beslissende is: het jy vertrou in die saak van God? In God en Sy stad? Hou jy van God? Klop jou hart warm vir Sy kerk? Netnou sê die Koning van Jerusalem vir die een: Ek weet wat jy gedoen het. Ek ken jou werke. Jy het met hart en siel vir my gewerk. Dalk so ywerig, jou hande is vol blase. Baie geluk wanneer jy by die naam genoem word in die boek van die lewe, in die bevolkingsregister van die nuwe Jerusalem.

Ongelukkig is daar mense wat diens weier. Vir hulle sê Christus: Ek ken jou nie. Vir jou is daar geen plek in die nuwe Jerusalem nie. Vandag is die bouery aan die stad van God nog in volle swang. Die oproep geld vir almal wat dit hoor: bou saam! Net die bouers staan in die boek van die Lewe.

In godsdiens is alles diens, diens, diens

- K Schilder